AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
LAAT DAAR LIG WEES
A.H.M.P. EN SIEN HAAR WEË

# Stroom-op

1e TERMYN 1978

# A.G. VISSER

## (1878 - 1929)

**A.G. Visser word vanjaar gedenk, honderd jaar ná sy geboorte. Op 1 Maart 1878 is Andries Gerhardus Visser op die plaas Zaaifontein in die distrik Fraserburg gebore. Sy vader het 'n groot bewondering vir ds. S.J. du Toit gehad en die Afrikanerbond geesdriftig ondersteun. Hy't later in die politiek belanggestel en was o.a. in 1915 L.V. vir Victoria Wes. Sy vader se belangstellings het 'n vormende invloed op klein Andries gehad.**

Hy het opgegroei op die plaas Blaukrantz, en ontvang onderrig van die Hollandse onderwyser, Koos Karstens. In Junie 1891 is Andries op dertienjarige leeftyd saam met twee van sy broers na die Hugenote-Gedenkskool op Daljosafat.

Vanaf Julie 1894 tot en met Junie 1896 was hy 'n student aan die Normaalkollege in Kaapstad. In 1896 slaag hy in die Matrikulasie-eksamen, asook in die ou "Middle Class Teacher's" eksamen.

As onderwyser het A.G. Visser sy eerste pos by sy Alma Mater, die Hugenote-Gedenkskool, vir 'n tydperk van drie maande aanvaar. Op 1 Oktober 1896 begin hy as assistent-onderwyser op Carnarvon in die Publieke Skool skoolhou. Sy bekwaamheid as onderwyser besorg hom twee jaar later op twintigjarige leeftyd die pos van hoof-onderwyser.

Weens sy simpatie met die twee strydende republieke, Transvaal en die Vrystaat, tydens die Tweede Vryheidsoorlog kom hy in botsing met die Britse owerheid en beland op 3 April 1901 in die tronk op Carnarvon. Hy is op borgtog vrygelaat, maar is nie meer deur die militêre owerheid as geskik beskou om verder onderrig te gee nie.

Na sy bedanking as onderwyser vertrek Visser in Oktober 1901 na Edinburg in Skotland om 'n vyfjarige mediese kursus te volg. Hy behaal sy M.B.-graad in Julie 1906 en keer terug na Carnarvon, waar hy hom as medikus vestig. Carnarvon was kultureel baie bedrywig en vir die joernaalaande van die Christelike Jongeliedevereniging lewer dr. A.G. Visser in hierdie tyd bydraes wat later as nalatenskap gepubliseer is in "Joernaalaand."

In 1909 gaan vestig dr. Visser hom in Steytlerville. Op 13 Aug. 1913 tree hy in die huwelik met Lettie Conradie, sy latere Laetitia. Hul eersteling, Andries Gerhardus, is op Steytlerville gebore. Ook op hierdie dorp neem Visser aan die gemeenskapslewe deel en lewer selfs orrelsolo's.

Dr. Visser, Lettie en klein Andries kom in November 1916 op Heidelberg (Tvl.) aan. Visser het vir hom 'n groot praktyk opgebou en hy was spoedig 'n geliefde geneesheer. Sy groot belangstelling was die chirurgie. Hy het tog vir sosiale bedrywighede tyd gevind. Hy was erevoorsitter van die Heidelbergse Afrikaanse Kultuur- en Taalvereniging, wat in 1918 gestig is. Visser is in 1918 gekies as lid van die Stadsraad.

Op 28 Maart 1918, juis in die griepjaar, is die Vissers se dogtertjie, Anna, gebore. Twee jaar later, op 3 Februarie 1920, het sy eggenote (Laetitia) heengegaan, kort nä die geboorte van Willem, hulle derde kind. Ten spyte van sy groot verlies bly Visser nogtans vol in die lewe staan.

Op 23 Januarie 1921, tydens 'n geselligheid by ds. Louw, word hy aan mej. Marie de Villiers voorgestel. hulle vriendskap het geleidelik ontwikkel tot 'n hegte verhouding wat oor ses jaar gestrek het. In 1923 vestig Eugéne N. Marais hom op Heidelberg. 'n Hegte vriendskapsband ontstaan tussén hom en Visser.

'n Onverwagte terugslag tref Visser vroeg in 1924 toe hy 'n ernstige hartaanval kry en eers in die Heidelbergse Hospitaal en daarna op Hermanus moes aansterk. In 1925 verskyn sy eerste digbundel "Gedigte." Vir hierdie bundel ontvang hy die Hertzogprys vir Poësie in 1926. Later daardie jaar word hy distriksgeneesheer en in 1927 verskyn sy tweede digbundel "Rose van herinnering."

Op 4 Julie 1927 tree hy in die huwelik met Marie de Villiers. Die Hertzogprys word vir 'n tweede keer aan hom toegeken, hierdie keer vir "Rose van herinnering". Maar Visser se gesondheid laat hom in die steek. Op Maandag, 10 Junie 1929, sterf hy ná 'n ernstige hartaanval in die nag. Die volgende middag word hy in die Kloofkerkhof op Heidelberg, langs sy Laetitia, ter ruste gelê. Ná sy dood verskyn twee postume bundels, nl. "Die purpur iris" en "Uit ons prille jeug."

S.S.S.



A.G. Visser

# NASIONALE BOSSIEDAG

**Op Dinsdag,** 17 Januarie 1978 is A.H.M. se Nasionale Bossiedag gestig. Dit was 'n groot dag wat nog lank sal onthou word. Met pikke en grawe, skoffels en ploeë het die Affies in hul miljoene daar aangekom om dié luisterryke gebeurtenis in te wy.

Met groot geesdrif en ywer het die Affies begin skoffel vir volk en (vader)**land**. Dit was 'n belewenis! Die spangees wat daar onder die Affies geheers het, was iets besonders: die een spit (ploeg?!) los en die ander hark weg, terwyl 'n derde een die gevalle bossies wegdra.

Die klasonderwyseresse het vir menige Affies gewys waar Dawid die wortels (bossies?!) begrawe het. (Daar sal báie bossies moet nodig wees om húlle koud te sit!).

'n Hele paar keer egter het 'n mens gewonder of daai mooi "bossie" bo-op die hopie maar net 'n bossie was! Maar ek glo van harte dat die Affies mettertyd 'n uiters bedrewe sin vir bossie of nie-bossie sal ontwikkel wat hul eie algemene kennis net (verder?!) sal verbreed.

Ten slotte spreek ek die vertroue uit dat hierdie Nasionale Dag 'n instelling sal word: 'n unieke instelling, vir volk en (vader)land!

**Ilse Lötter. St. 10E**



**Die Affies kan werk as hulle moet** ➡



**Wens jy dat jy eerder kan bly slaap as om skool te gaan? Dan benodig jy MOERASBLITS. MOERASBLITS is doeltreffend want dit bestaan uit 'n onverbeterlike kombinasie van spoed en glibberigheid. Drink MOERASBLITS, dit werk, want MOERASBLITS is sterker as witblits. Vir snelle verligting, drink MOERASBLITS.**

***Pragtige glasware, keramiek, blomplante, juweliersware, speelgoed - hier is geskenke vir alle geleenthede! Rustige atmosfeer en billike pryse*** **"EDITH SE HOEKIE"**

MONUMENT PARK WINKELSENTRUM
SPRINGBOKLAAN.
TEL. 78-8847

# LEIERSKURSUS

**gehou te A.H.S. op 20-21 Januarie 1978.**

**Vrydagaand 20 Januarie 1978.**

Ds Dirk Oosthuizen het die verrigtinge geopen met Skriflesing en gebed. Vervolgens het mnr. Roesch die verwelkoming gedoen en die geleentheidspreker aan ons bekend gestel: Mnr. Roelf Meyer, die President van die Federasie van Junior Rapportryerskorpse.

Mnr. Meyer het (terloops, hy is 'n Vrystater!) 'n uiters interessante en lewendige toespraak gehou met "die rol van die jong Afrikanerleier vandag" as tema. Hy het telkens terugverwys na die verlede: hoe dit nou aaneenskakel met die hede en toekoms. Hy het o.a. genoem dat alhoewel ons, die Afrikaners, die produk is van meer as een volk (o.a. die Franse, Duitsers) ons tog daaruit getree het as één volk en as die leiers van Suid-Afrika. Ons as Blanke Suid-Afrikaners, en dan spesifiek Afrikaners, is die leiers van hierdie land. Persentasiegewys is ons by verre in die minderheid wat betref ons getalle, en juis dáárom moet ons álles insit om hierdie groot agterstand uit te wis. (In die V.S.A. bv. is dit heel anders: die leiers (Blankes) is in die meerderheid.) Om dié groot agterstand uit te wis, moet ons dus uiters bedrewe leiers hê.

Hulle moet uiters goed en gespesialiseerd wees om goed te kan lei en ook by te bly by die ontwikkeling en vooruitgang van die wêreld. Ten slotte het mnr. Meyer 'n beroep op ons as jong Afrikaners gedoen om alles in ons vermoë te doen om net die beste te behaal en die hoogste te bereik.

Mej. Holtzhausen het haar mede-Vrystater op haar kenmerkende geestige manier bedank, en omstreeks agtuur (20h00) was die eerste deel van die kursus verby.

**Saterdag 21 Januarie 1978.**

Linda Oosthuizen het met Skriflesing en gebed geopen en daarna het ons programleier, mnr. M. Strauss, voortgegaan met die program. Ons het begin met probleemoplossing. Daar is sewe baie belangrike stappe wat by elke probleem onthou en uitgevoer moet word:

1. **Die versameling van alle informasie m.b.t. die probleem:** Versamel alle informasie waaroor die onderskeie lede van die groep mag beskik, en skei die feite van blote menings.
2. **Identifiseer die werklike probleem en** sy dimensies deur die faktore wat tot die probleem aanleiding gegee het te beskryf en te tabuleer. (Wat? Hoe? Waarom? Waar? Wanneer? ens.)
3. **Toets die toepaslikheid van die probleemformulering:** is daar slegs een probleem? Is die erns van die saak duidelik gestel?
4. Verkry ooreenstemming oor die **doelwit(te)** wat bereik moet word.
5. **"Brainstorm"** (d.w.s. **skryf** alles **neer** i.v.m. enige oplossing van die probleem wat in jou kop kom.) om alle moontlike oplossings wat i.v.m. die doelwit staan, te genereer en te tabuleer.
6. Kies die **beste oplossing** na 'n logiese evaluasie (van alles wat neergeskryf is in stap 5), gegrond op **meriete,** die **praktiese situasie** (die uitvoerbaarheid daarvan) en die **doelwitte** waaroor tydens stap 4 ooreengekom is.
7. **Voer Uit!** Dit is die heel belangrikste stap: om die plan tot uitvoer te bring.

Na ons al sewe stappe volledig deurgegaan het, is aan ons 'n (Hipotetiese) probleem gestel:

Ons skool se leerlinge neem nie voldoende deel aan buitemuurse aktiwiteite nie. Statistieke toon dat slegs 34% van die leerlinge aktief aan sport deelneem terwyl slegs 14% aktief by kulturele aktiwiteite betrokke is. Die opkoms na funksies (debatte, filmvertonings, ens.) asook na sportbyeenkomste, d.w.s. passiewe deelname, is ongeveer 48%.

Wat gaan julle in 1978 doen om die situasie te verbeter?

(Alhoewel dit 'n hipotetiese probleem, d.w.s. 'n denkbeeldige een was, is dit nie ver van die waarheid af nie en het ons lekker daaroor geredeneer.)

Ons is in 10 groepe verdeel en verskeie menings is gehuldig met die terugkoppeling, waar al tien groepe weer as een groot groep in die saal byeengekom het. 'n Paar van die oplossings wat daar uitgekom het:




- Die funksies kan **baie** beter beplan en aangebied word. Daar moet bv. vroegtydig propaganda gemaak word vir 'n funksie die spesifieke aand, en nie eers die oggend op die dag van die funksie nie. Tegniese foute (by 'n film) kan ook definitief uitgeskakel word - daar sal dan meer mense wil kom kyk na 'n (heel!) film. Die klagte was ook dat daar te min mense deelneem aan debatte - te min word daarby betrek (of wil daarby betrek wees!), en dieselfde mense word maar oor en oor gekies. Sommige mense was van mening dat die standaard van die debatte moet verhoog word - in 'n poging om meer inspirering by die vloer-besprekings te kry. Nog 'n moontlike oplossing wat 'n groep genoem het om meer mense by bv. die debatte te kry, is om almal vir 'n kort tydperk te verplig om te kom - dan sal die debat van 'n baie hoë standaard moet wees. Indien genoeg spasie vir almal 'n probleem sou wees, het iemand voorgestel, kan 'n st. 9 en 10 debat - net vir st. 9's en 10e (seuns en meisies) en dan ook weer 'n st. 6-8 debat (verpligtend vir alle st. sesse tot agts) seuns en meisies gehou word.


Baie van die groepe het ook gevoel dat ons twee skole nog beter met mekaar kan saamwerk. (Bv. met die debatte.) Maar ook t.o.v. sport. Iemand het voorgestel dat ons 'n oorkoepelende liggaam (aangaande alle funksies) vanuit albei skole aanstel om dan al dié funksies beter te organiseer in oorlegpleging met ons skoolowerhede.

Die Boeresport is baie goed, het iemand gesê, maar daar is baie plek vir verbetering. Daar is ook aan Volkspele vir die twee skole gedink. Dit was maar enkele moontlike oplossings wat die groepie gevind het - daar is veel te sê oor dié saak.

Na 'n kort teepouse is ons weer terug saal toe. Dié keer het dit gehandel oor praktiese leierskap - die persoonlike ontleding van eie gedragspatrone en leierskap. Elkeen het homself beoordeel volgens 'n skaal: van 1 tot 7. Bv. openhartigheid - 5 pte. Daarna het ons die hele groep se deelname aan die probleem geëvalueer en dan kon elkeen sien waar hy tekort skiet, ens.

Ongeveer 11h30 het Francois Bezuidenhout die kursus afgesluit. Die hele naweek was 'n groot sukses en goeie ondervinding is opgedoen.

Ilse Lötter
St. 10E




*Sal bier nie beter werk nie?!!*

# ENGLISH DEBATE

**The English debate of this term was, as usual, a compromise between entertainment for the boarders and serious oratory. Mrs Cecile van der Gast head of the Toastmistress Association, had been invited to speak.**

Her speech was an excellent example of what an engrossing talk should be like. After giving useful hints on how to speak (how to prepare one's speech, how to stand, etc), she showed how adjudicators judge. Mrs. van der Gast also mentioned that, contrary to the general assumption, it is not necessary for the speaker to thank his audience - in fact, the audience should thank the speaker. Francois Ebersohn, Jacques Aucamp, Jonathan Kent and Michael du Plessis then spoke. Their topics ranged from "The Creeping Desert" to "Facing the identity crisis". Mrs van der Gast showed the audience how the speakers had been judged. Marks had been given for vocabulary, pronunciation, and other points of the speaker's art, all adding up to a percentage. She added that the speeches were of a high standard and discussed each speaker - an informative glimpse at the components that make a successful speech.

We can only hope that in future more polished speakers like Mrs van der Gast will be invited, to improve our current oratory standard and to spread interest in public speaking.

In the second half of the evening a film, "The Battle of Midway", was shown.

**BROOKLYN ELECTRICAL Co.**

**Uitstekende diens vir al u Elektriese- en Fietsherstelwerk**

**Brooklynsirkel**

**Tel.: 78-4515**




## FLIEKIUS AFFISIUS

alias

RICHMANIUS, POORMANIUS

**Sterre:**

**Rudius Roeschius et Maggia Blitzia**

**met supporterende rolle:**

Westius
Falconetti
Billius
Diana
Romona
Katea

- Bolandius
- Frenchius
- Vlooius
- Hanlia
- Lienana
- Mimmia

„Ek is nie doof nie."

Ons verstaan.

**Baie mense ly aan gedeeltelike gehoordefekte. Ons kry dikwels te doen met mense net soos u. Hulle wil graag 'n bietjie duideliker hoor. En hulle kan - met ons hulp.**

**LOFTUS**

**APTEEK PHARMACY**


C.J. DE BRUIN, B.Sc. (FARM), L.A.V.
727 ARCADIA STR. 727
ARCADIA, PRETORIA
TEL. 74-4868/74-3934

PHILIPS

**GEMAGTIGDE AGENTE VIR: PHILIPS HEARING AID SERVICES**

# A DAY IN THE LIFE OF A HOSTELCHAP

**It is 6.15 in the morning. Everything issilent and calm. The sudden fast knocking of an electric-driven hammer against a piece of bellowing metal in quick succession interrupts the silence and makes two thirds of the hostel population groan with disgust.**



To them, this is the beginning of the day. The feeling of "why can't I sleep any longer is usually destroyed by dipping your head into a basin of cold water. The guys get dressed and make themselves ready for the day. A few minutes later a second bellowing sound changes the chaos into silence again. A lousy chap in civil clothes with a long stick in one hand peeps into every room to see if everyone's day had started already, at this stage.

At this stage the day starts for the other one third too when they are suddenly torn away from their dreams with the feeling of an electric impulse on their backside. It is usually this group who prove that your bed can be made up, your face can be washed and you can get yourself dressed, all in less than three minutes.

A few minutes later, all the chaps gather in front of a large room with long rows of tables inside. They usually chat for qite a while, for,how longer theymake a noise, Y the lnger tey can stay outside before they have to go in.

Inside, the meal is shared legally (according to what the meal is). Usually, the younger chaps have to eat two shares (because they still have to grow, of course). In the mornings the meal consists of chicken right from the egg shells and then slices of rusk.

After breakfast the difficult part of the day stars, for it is at this stage that you discover that your test hadn't been signed yet, you have forgotten to do your maths homework and you hear that you are writing a biology test during the day. It is in this period of time when handwritings are forged, cripnotes are made and the maths book of one conscientious guy is circulated between twenty other guys in less than ten minutes. After all these formalities have been dealt with, a few textbooks and excercise books are thrown into your suitcase and you rush to school.

The excuse of "I've been to the matron to get my toe bandaged" is usually most efficient when someone wants to know why you are late for school. The rest of the day doesn't pass less frustrating. Especially when you are caught doing the Afrikaans homework in the Science class, or when you discover that you have packed the previous days books or when you realize that you've forgotten your 'witbroek' for the 'L.O.-periode!'

The afternoon is usually spent in a horizontal position with your eyes closed on your friend's bed (your's is usually runed with spilt coffee). The evening is spent with the same action, only the position changes. You now sit upright in front of your desk with your hands over your eyes, so that the teacher can't see you're asleep.

Come what may, hostel-life is a rotten life.

**Hostel-chap.**

# OPERASIE TUINOPKIKKER

**Maandag**, 10 Januarie, kondig mej. Holtzhausen opgewonde af dat almal hul pa's en ma's se mini-tuingereedskap die volgende dag moet skool toe bring. Party sug, ander raak opgewonde en ander bejammer die tuin. Sommige mense waag selfs die voorspelling dat hy gedurende die nag mag koers kry. Nietemin, Dinsdag 17 Januarie, wag die Affietuin nog in spanning op die geskiedkundige dag in sy lewe. Kwart voor agt sit al wat Affie genoem kan word in die vroeë oggendlug in die tuin en roei al wat onkruid is in hul voor- en nageslagte uit. Die gereedskap het gewissel van tuinvurke en tuingrawe tot snoeiskêre en paplepels. Vir die onervare tuinmakers was dit 'n nuwe ondervinding; vir die gehardes – 'n belewing en vir die tuin – wie weet?



*...tot sý help.*

# MARANATHA-KLUB

**Die Maranatha-klub is 'n Christelike Jeugvereniging waar ons probleme wat mag opduik in ons geestelike lewe deur bespreking uit die weg te probeer ruim (30 lede)**

Ons vergader elke Donderdag, lang-pouse in mnr. Weideman se klas. Die vergadering verloop soos volg:

(i) Opening met Skriflesing en gebed
(ii) Probleem word bespreek
(iii) Vrae i.v.m. die probleem word bespreek.
(iv) 'n Nuwe onderwerp word gekies.
(v) Afsluiting met gebed.

Hierdeur beoog ons om daardie groot gaping wat probleme tussen ons en God maak, te verklein.

Op die bestuur dien hierdie jaar: Pieter van Heerden – Voorsitter Roelof Botha – Onder-voorsitter Deon van der Westhuizen – Penningmeester/Sekretaris.

Die bywoning is op die oomblik besonder goed, veral onder die standerd 6-groep. 'n Geslaagde bybel vasvra is gehou wat deur die Matrieks gewen is.

Maranatha (Jesus kom weer.)

**P. v. Heerden**

# LIEFDE

**Soms nader die liefde my hart met 'n ompad.** Dan neem dit my 'n lang ruk om bewus daarvan te raak. Meestal, val dit egter soos 'n rots op my kop, en partymaal net soos 'n akker ...

Liefde is 'n snaakse ding, so baie mense skryf daaroor. Die helfte weet nie waarvan hulle praat nie en die ander helfte gee nie om nie. Niemand kan liefde definieer nie, behalwe miskien Helen Steiner Rice. Maar dis net uit die oog (hart) van 'n vrou. Hoe voel ons manne daaroor? Wat ons aanbetref, is dit tog om hulle wat alles gaan.

Maar in alle geval, ek dwaal van die spoor af. Liefde is en bly 'n snaakse ding. Vir sommige vriende is liefde soos die eerste keer wanneer jy voet op die skaatsbaan plaas, voor jy nog behoorlik grond (ys) gevat het, begin jy gly en jy stap nie voordat jy jou kop hard gestamp het nie, figuurlik en letterlik. Maar nog is dit het einde niet, jy staan op, probeer weer en kort daarna, skaats jy soos wafferse ballerina op ys.

# ACSV

**Die Afrikaanse Christen Studente Vereniging is landswyd en by elke skool in die Republiek.**

Ons vergader Woensdae, langpouse in die skoolsaal en die vergadering staan onder leiding van ds. Erasmus van die NG Gemeente, Pretoria-Oos. Mnr Grobbelaar is die onderwyser wat toesig hou.

Nadat ons saam gesing het, open dominee met Skriflesing en gebed. Hierna lees hy uit Jakobus. Dit is die stuk wat gekies is vir Bybelstudie, hierdie kwartaal. Ds. Erasmus behandel dan een of twee verse onder die tema: Praktiese Christenskap. Daar word dan afgesluit met gebed.

Die A.C.S.V. beplan 'n kamp by Winkelspruit in die eerskomende vakansie. Jongmense vanoor die Republiek sal hier vergader en dit beloof 'n hoogtepunt te wees.

**P.Van Heerden**

# BALLADE VAN DIE VERONREGTE KOSHUIS MATRIEK

Ek sit hier in die studiesaal
en wens dat iemand my moet kom haal,
want hier wil ek vir ewig weg.
al moet ek tot die dood toe veg.

Om deesdae in matriek te wees,
is net 'n pyniging vir jou vlees.
Want "Dra my tas!" en "Polish my skoen!"
moet jy deesdae selwers doen.

Van alles wat hul jou beloof
word jy uiteindelik beroof

Al smeek jy hoe, hul bly verseg:
"Dis 'n voorreg, nie 'n reg."

My raad aan elke standerd ses:
Bly uit my pad, vergeet die res.
Want ek is bang, as ek jou iets vra,
dat jy by Mammie sal gaan kla.

Ek voel in my 'n ewige haat
en 'n wens om die plek te kan verlaat.
Want hier wil ek vir ewig weg,
al moet ek tot die dood toe veg.

**Veronregte Koshuismatriek**




# KAARTJIE?

**"Wil jy nie miskien 'n kaartjie...?"**

Dié woorde sal menige sugtende persoon nog moet aanhoor en sy sak laat skud want die Std. 9's is aan die werk!

Die matriekafskeidskomitee het met skielike inspirasie (en die hulp van 'n welkome anonieme skenker) die naam van Hoedspruit op 'n duisend lippe gebring. Juf. Holtzhausen het afgekondig: "Deur een kaartjie van R1 kan jy 'n woonerf van R5 300 wen!" Die saal het na hul asems gesnak. "Wat meer is, die klas wat die meeste kaartjies verkoop kry 'n gratis ete by Pizzaland!" Daar was 'n skielike beroering met hier en daar 'n sagte sug (kalorie, o kalorie!)

Die erf wat te wen is, is in Hoedspruit naby die Krugerwildtuin. Die rande wat dié poging sal inbring, sal bestee word aan die matriekdans en Olimpiese swembad. Die afskeidskomitee is die gees agter hierdie uiters oorspronklike skema.

Almal wat belangstel kan enige Affie (matriekdames uitgesluit) bydam en sy sal jou gretiglik voorsien van 'n kaartjie of twee (of drie?). Belangstellendes word ook herinner dat die aanvraag uiters groot is, wees asseblief geduldig as iemand nie dadelik kan help met sewentien kaartjies vir die res van die gesin nie.


**C. Oosthuizen.**

# PROBLEME?

Laat die toestand van u voete u effens aan 'n krokodilvel dink, vanweë die baie kaalvoetloop die afgelope somer? Herinner u elmboë aan die rots van Gibraltar? Toemaar, ons sal help! Skakel net en vra die vriendelike dame van "Niet meer krokodillen voeten" om hulp.

**Ronèlle Meyer.**


# AFFIES SE DINGE




*Wat's die grap?!*




*'n Meisie in Affies!!!!*




*Lekker om te wen.*



*Vat so!*




*Hou bene hou!*




*Ons eie oude Meester, alias P. . .s!*




*As die Matrieks eers geesvang ...*




*En hoekom so alleen.*




Trap net weer op my toon.




O die pyn-gedagte ...




Akademiese wrak




Is hulle getrek.



Amper klaar.



Dupel doen die dinge.



Te haastig.

# F O T O G R A F I E

**"Stroom-Op" sonder foto's?! 'n Algehele en fantastiese mislukking. Ja, foto's is daar om alles af te rond. 'n Foto is soos 'n cherry op 'n sjokoladekoek ..., want wat is 'n koek sonder 'n cherry. 'n Koek sonder 'n cherry is "Stroom-Op" sonder foto's!**

Dus as u hierdie "Stroom-Op" deurblaai wees bly oor al die foto's en kyk na elkeen.

Watter betekenis het die woord fotografie vir u? Is dit maar net 'n knoppie op die kamera wat gedruk word om dan later die foto's terug te ontvang., ná 'n ingewikkelde, duursame en tydsame proses. Of stel u belang in Fotografie!! Indien u belangstel is 'n foto nie 'n foto nie, maar 'n foto – daarmee bedoel ek u heg waarde aan die fotogehalte asook die inhoud van die foto self.

Kom ons kyk na die ouderdom en geskiedenis van Fotografie. In 1780 het die Fransman Alexandre Charles eenvoudige "ligbeelde" verkry op papier wat hy met sekere silwersoute ontwikkel het. Daarna in 1795 het die Engelsman Robertson die film die lig laat sien met behulp van 'n laterna magica en is as die eerste "lewende beelde" beskou. En dan 21 jaar later in 1816 kom die Franse litograaf Joseph Nicèphore Niepce met 'n tegniek van ontwikkeling om beelde deur middel van lig op drukplate oor te dra. Die oudste bekende "foto" dateer uit die jare 1826.

Die Afrikaanse Hoër Seunskool het 'n volledig toegeruste donkerkamer met fantastiese moderne apparaat. Vanselfsprekend is daar 'n fotografieklub wat onder leiding van Mnr. Deichmann en sy bestuur is. Die fotografieklub sorg dat daar foto's in die Jaarblaaie en "Stroom Op" is.

Gedurende die jaar is daar ook talle kompetisies soos byvoorbeeld die Noord-Transvaal kompetisie en die landswye SAPTA kompetisie asook vele ander.

Verlede jaar het Affies tweede geëindig met slegs 12 punte na die wenners. Maar hierdie jaar is Affies opgewasse om 'n eersteplek te behaal.

Indien u belangstel om "Stroom-Op" sy cherry te gee kom sluit by die Fotografieklub aan.

**Laurie Botha 9c.**

*Met komplimente van*

**Gertie Sacks Modes**

**Brooklyn's leading fashion house**

***Vir vriendelike en flinke diens***

**78-4885**

# SKOOLPESSIMIS

**Die** kinders slof aan oor die trappe,
Geduldig, gedienstig, gedwee;
Hul tasse al skawend hul hakke
Hul dra dit getroos en tevree.


**En** skurend al rasend en stampend,
Kom stadig die onnie agterna
Die dowwe rooi trappe al winkend,
Na al wat akademie saamdra.

**Die** huiswerk die reën op hul koppe:
Maar hul klaagliedere swygsaam en sag;
Hul wag net op luidende klokke,
Maar ver is die tog van die dag.

**Dit** kraak deur hul brekende hare:
hul tasse is groot en swaar;
Maar moedig dra hul, hul smarte,
En hoopvol want Vrydag is daar.


**So** stom tot die stand van hul sterwe,
Bly ieder 'n held van die dood ...
Wat hul nageslagte moet erwe.
Gewis sal hul daarby baat ...

**Mathilda van Jaarsveld met appologie aan Jan F.E. Cilliers.**



## *DIE TOP TWINTIG VAN AFFIELAND*

20. Needles and pins – *Mev. Bauer.*
19. Black is Black – *Mej. Swart*
18. One and one is one – *Mev Bossert*
17. Roll over Beethoven – *Mev Wilkens*
16. I don't wanna play house – *Mej Basson*
15. Wild, wild Angels – *Lombard, Jubber, Wilemse, Bothma*
14. Ma his making eyes at me – *Mej Geldenhuys.*
13. If you go away – *Mej Steyn*
12. Rocking in the U.S.A. – *Mev Maritz*
11. Fatman and Bobin – *Mev Boardman en Mev. De Wet*
10. My colouring book – *Mev Wasserman*
9. Daddy (mommy) Cool – *Mej Hönck*
8. Mooi Griekeland – *Mev Schoeman*
7. Don't make my brown eyes blue – *Mev Venter*
6. Fox on the run – *Mev de Vos*
5. Waterloo – *Mev Senekal*
4. Oom Jannie by die Disco – *Mev van der Heever*
3. I'm on fire – *Mej Holtzhausen*
2. One man band – *Mev Van Niekerk*
1. Mamma were all crazee now – *Affies.*



## CONFUCIUS SAYS

He who swallow false teeth soon gets chewed out


It is a wise father who know own son, from own daughter nowadays

He who build castles in air will pay high rent.

Let some-one offer you his finger dipped in mustard and placed in hot dog bun, and you will bite the hand that feeds you.

Even the aorta knows that home is where the heart is!

Only time to spit in man's face is when man's moustache is on fire.




## GOEIE NUUS! SLEGTE NUUS

**Slegte nuus:** Jy het melaatsheid!
**Goeie nuus:** Jy hoef nie leër toe te gaan nie!

**Goeie nuus:** Ek het uiteindelik 'n woonstel gekry!
**Slegte nuus:** Daar bly twee klopdansers bo my...

**Slegte nuus:** Jou dogter het met die chauffeur weggehardloop!
**Goeie nuus:** Hulle het nie die Jaguar E-Type geneem nie!

**Goeie nuus:** Andrew Young gaan maan toe vlieg!
**Slegte nuus:** Hy is van plan om terug te kom...

**Slegte nuus:** Jou dogter is met 'n bylmoordenaar getroud!
**Goeie nuus:** Hy is 'n baie gereelde voedselvoorsiener!

## *JULLE HELDE EN HELDINNE SE ADRESSE*

1) John Paul Young
The John Paul Young Fan Club
113 Lady Ann Lodge
North Ridge Road
Durban
4001

2) **Robert Redford**
c/o Trudy Hoffman
517 Williams Street
Dunmore
Pennsylvania (U.S.A.)
18512

3) **Elton John**
Boutwell Enterprises
6430 Variel Avenue
Woodland Hills
California
91364

4) **Olivia Newton-John**
United Fan Mail Service
P.O. Box 1392
Beverly Hills
California
90213

5) **Dustin Hoffman**
315 East 65th Street
New York
10021

6) **Elvis Presley**
The Elvis Presley Fan Club
c/o Jonathan Osborne
1 Scotts Avenue
Grahamstown
6140

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**1. PERSOONLIK**

1. Boer in Clarens distrik verlang 'n blitsige dame – verkieslik rooiblond (of so iets). Moet van die Vrystaat afkomstig wees.
2. 'n Versoek van 'n lang, bruin benige blonde dame vir 'n man, verkieslik donker en natuurlik vinnig (dubbelsinnig). Hy moet 'n hond- en kinder liefhebber wees. Het eie vervoer! (al is dit ietwat antiek).
3. Opsoek na 'n man – vereistes: 1. moet tennis kan speel, 2. besondere liefde vir die kleur swart, 3. baie besonderde liefde vir letterkunde.

**2. BETREKKINGS VAN VAKANT**


LEER 'n ambag? Wil u u man gelukkig hou? Volledige dieetkundige kursus in vyf jaar. Satisfaksie gewaarborg. Aansoeke: Bouer ● Kie.

**3. OPKNAPPINGS EN HERSTEL.**

1) Banke – beddens
2) Onderwyseresse – onderwysers
3) Werksdae per week – 2 dae
4) Rusdae per week – 5 dae
5) Visdam – olimpiese swembad
6) Orrel – 4-man orkes (verkieslik Bally Hoo)

**4. AANVRAAG OP TROETELDIERE**

1) Vlermuis in klas gevind soek maatjie. Aansoeke deur muisvlernes te rig aan Mej. Basson.
2) Ietwat skrale skeleterigheid (antwoord op die naam Nick) soek gretiglik 'n Nicolene of Nicolette om eensame biologielaboratorium huislike atmosfeer te gee. Aansoek mev. Langley.



**5. LOSIES AANGEBIED**

– ** Hotel – swembad, dubbel of enkelkamer, groot grasperke, redelike kos, snoepwinkel binne loopafstand, manslosieshuis oorkant die straat, aangename toesig (?) billike tariewe (as jy geld het)

**6. AANVRAAG**

1) Dringende aanvraag na sakrekenaars wat wel persentasies (spesifiek t.o.v. eksamen vraestelle) Verkieslik met 'n onophoudbare plusfaktor (ten einde ongunstig slaagsyfers te verhoed)
2) DRINGENDE aanvraag: Entosiastiese, hoogsintelligente, kulturele, taalkundige st. 8 Latynleerlinge benodig, moet bereid wees om hard te werk. KLASSE GRATIS GEDURENDE SKOOLURE.
Navraag: Mev. Schoeman

**7. kom ons ruil.**

Standplaas te Arcadia tussen Bond-, Kirkness en Lynnwood-pWieflike rivier nl. Apiesrivier vloei te gronde – skep rustige atmosfeer. Wil ruil vir standplaas om in 'n plesieroord vir minstens 750 (x2) persone.
RUIL DRINGEND: HUIDIGE INWONERS DESPERAAT!

**Is u huis met muise besmet,** sodat u chronies met angswekkende gille op stoele spring? Ontspan! Bêre u skreeumeganisme. Kom huur 'n kat by die "Spesiale Agente vir Muisteenvoeters" op die hoek van Kerkplein, teen 'n minimale bedraggie. Pryse hang natuurlik van die toestand van die ekonomie af.




## "STAPES JOU RAKKER"

## SKOONHEID IN ONS INFLASIETYD

- Suurlemoensap verwyder vlekke uitstekend van jou gesig af en dis ook baie geskik vir swart elmboë
- Moeë oë – na 'n laatnag, kan opgeknap word deur te rus met skyfies komkommer op die ooglede
- Hou jou naels blink en natuurlik pienk deur dit deeglik met 'n naelpoetser te poleer
- Gebruik petroleumjellie (Vaseline) aan jou wimpers om hulle sterker en langer te laat groei. Gebruik dit ook in plaas van maskara.
- Wees natuurlik – jy sal mooier voel en lyk.



# SPORTMAN VAN DIE TERMYN:
# * NICO HAGER *

**Nico Hager is op 10 Maart 1961 op Delareyville gebore. Ondanks ernstige knie- en beenbeserings gedurende 1974 wat hom die hele jaar van die atletiekbaan af weggehou het, is hy sekerlik vandag die mees belowendste en beste atleet wat Affies nog gehad het.**

Na sy laerskoolopleiding op Port Shepstone waar hy reeds Natal kleure verwerf het vir atletiek in verspring het hy in standerd 6 aan die Hoërskool Suid-Natal beserings begin opdoen in sy verspring. Vir die volgende ses maande was sy bene in gips en was atletiek tydelik iets van die verlede gewees.

Intussen verhuis die Hager-gesin na Groblersdal waar Nico in 1975 inskryf as standerd 7 leerling aan die Hoërskool Ben Viljoen. As spiesgooier word hy ontdek deur Meneer Piet Helberg, atletiekorganiseerder by die skool, tydens 'n krieketbalgooi oefensessie. Dadelik tree Nico na vore in die item en behaal hy reeds in dieselfde jaar die mooi afstand van 49 m. Hy wen ook tydens die interhoër die 100 m en 200 m in die O/14 ouderdomsgroep. Verder dien hy ook as kaptein van die O/14A rugbyspan van die skool en speel hy senter.

In 1976 verbeter hy die Noord-Transvaalse O/15 rekord na 57 m en lei hy sy O/15A span in die rugby tot in die finaal van die Suid-Oos Transvaalse kompetisie.

Aan die begin van 1977 besluit Nico om na Affies te kom weens die gebrek aan kompetisie op die platteland en ook vir afrigting. Tans word hy deur Jan Rodriques afgerig. Hy het Affies as die skool verkies om na te kom, aangesien Affies bekend is vir sy akademie, sportprestasie, goeie kompetisie en ook omdat die skool oor 'n koshuis beskik.

Op interhoër behaal Nico drie pelkke in die 100 m, verspring en spiesgooi in die O/16 afdeling. Op dieselfde byeenkoms verbeter hy die O/17 Noord-Transvaal rekord na 64 m. Hy wen die Noord-Transvaalse Kampioenskappe en kry sy Noord-Transvaal kleure. Op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe verower hy die 2de plek. Op die rugbyveld draf hy verskeie kere vir die eerstespan uit op senter en vleuel. Hy beskou sy hoogtepunte tot dusver op die rugbyveld die wedstryde teen Nelspruit verlede jaar en Verwoerdburg waar hy die wendrie gedruk het (alhoewel hyself nog nie mooi weet wat gebeur het nie).

Ook is Nico verkies tot onderhoofseun van die skool vir 1978 en tot hoofseun van die koshuis. Hy was ook vanjaar atletiekkaptein en het die atletiekspan tot oorwinnings gelei teen Hugenote, Tom Naudé, Helpmekaar, Boys High en Potch Tegnies. Op die interhoër behaal Nico weer soos verlede jaar drie eerste plekke in die 100 m, verspring en spiesgooi.


Nico se hoogtepunt tot dusver in sy atletiekloopbaan het egter aangebreek tydens die Sasol finaal vir Noord-Transvaalse Hoërskole waar hy die spies 70,66 m ver slinger vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord. Hy sê dat die omstandighede die middag perfek was. Die elemente het hom die middag net begunstig. Soos hy self sê: "As die son net nie bak nie, is alles moontlik."


Nico het voortgegaan en die Noord-Transvaalse kampioenskappe vir 'n tweede maal, agtereenvolgens gewen en weer Noord-Transvaalse kleure verwerf. Sy ideaal is natuurlik soos die van enige sportman – om slegs die boonste sport te bereik en dit is niks anders as Springbokkleure of 'n wêreldrekord nie.

Nico beplan om volgende jaar te gaan studeer aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy wil hom gaan bekwaam in die Regte. Stroom-op wens hom sterkte toe vir die rugbyseisoen wat voorlê.

**Henk Basson**

Nico






**LAPPIES EN LINTE**

EKSKLUSIEWE ROKMATERIAAL
KANT - KNOPE - ENSOVOORTS

**NATALIELAAN 25**
**MURRAYFIELD**
**TEL: 833261**


# GHOLF

**Die jaar** het goed begin toe Affies se Gholfspan bestaande uit 4 lede nl C. Rauch, A. Nel, J. v d Hoven en K. van der Walt die span van Grey Kollege oortuigend gewen het met 4 spelle teen 0. Al 4 spelers het hul wedstryde ver gewen.

Daar word nou begin met 'n landswye kompetisie waarin Affies teen skole dwarsoor S A sal uitspeel. Die wenners gaan op 'n toer na die V.S.A. en Groot-Brittanje. Die span sal bestaan uit dieselfde 4 bogenoemde lede. Sterkte aan al die gholfspelers.

**Conrad Rauch.**




## MORNÉ IN AKSIE



Morné du Plessis is die beste o-16 verspringatleet in Suid-Afrika! Haar wensprong, wat 'n wêreldklasvertoning was, was 5,61 meter! Op akademiese gebied is sy net so 'n uitblinker.
Baie geluk, ons is trots op jou!

# ATLETIEK

**Ons het vanjaar 'n baie suksesvolle seisoen agter die rug, en dit is grotendeels te danke aan die goeie gees wat daar onder ons heers.**

Ons heel eerste byeenkoms van die seisoen was op Krugersdorp en daar het ons atlete gewys dat daar rekening met hulle gehou moet word, deurdat 'n paar rekords in die slag gebly het. Daarna is ons deur die Hoërskool Overkruin na 'n byeenkoms uitgenooi waartydens hulle hul nuwe pawiljoen ingewy het en weer eens het ons atlete goed presteer. Die byeenkoms op Boksburg is deur reën gekortwiek en tot ons teleurstelling is die byeenkoms afgestel.

Almal het uitgesien na Interhoër en elke atleet het hard gewerk om ons plek in die A-Bond te behou vir aanstaande jaar. Met 'n derde plek uit sewe skole behoort ons trots te wees.

Op die Noord-Transvaalse Junior Kampioenskappe en Administrateursbeker het ons atlete weer goed presteer.

Baie dankie aan elke onderwyseres wat so ywerig gehelp het om hierdie atletiekseisoen 'n sukses te maak. Laaste, maar nie die minste nie, dankie aan elke atleet wat haar deel bygedra het, hoe gering ookal!

**Joh O'Reilly**
**Atletiekkapteine**

# ATLETIEK 1978

**Laat laasjaar spring die Affies met een doel voor oë weg en dis om vanjaar die interhoër te wen. Menlopark wen ons egter met 39 punte. Nieteenstaande hierdie feit het ons atlete hulle flink van hul taak gekwyt en dwarsdeur die seisoen hul deel bygedra. Ons kan werklik spog met 'n groot jaar op die atletiekveld al moes die interhoër weer eens na Menlopark gaan.**

Dit word telkens met die interhoër uitgewys dat ons nog baie het om voor te werk. Ons wil nie net elke jaar die aflosbeker wen nie, maar seunstotale **én** die groottotaal.

Ons bedank graag namens die skool en atlete ons afrigters vir hulle fenomenale bydrae tot ons skool se sukses. Vanjaar is daar uit die staanspoor gepoog om groot resultate te kry. Met ons nuwe oefenprogram wat deur ons atletiekafrigters saamgestel is, is daar tot 'n groot mate sukses mee behaal.

Affies se naellope en velditems was weer vanjaar besonder sterk. Mnre Frazer, Blaauw en Vermeulen het ook daarin geslaag om tot 'n groot mate ons middelafstande te verbeter. Die lang- en middelafstandatlete oefen steeds ononderbroke met die oog op volgende jaar.

Affies het vanjaar aan 8 atletiekbyeenkomstes deelgeneem. 'n Verdere byeenkoms teen Hugenote op Springs het ongelukkig uitgereën.

Die eerste byeenkoms van vanjaar was tussen die Koshuis en die Stad. Die Koshuis bied die byeenkoms aan wat op die oueinde 'n groot sukses was. Die Stad wen die Koshuis met 11 punte in 'n spannende kompetisie.

Die uitslae van die byeenkomste was soos volg.

Indien Affies deurgedring het na die finaal op Sasolburg sou ons 'n sekere 2e plek behaal het. m.a.w. ons sou dan die 2e sterkste atletiekskool in S.A. gewees het. Skole soos H.T.S. Potch en Monument het goed gevaar op die byeenkoms.

Op die N. Tvl se kampioenskappe presteer die Affies baie goed. het ingeskryf waarvan goue medaljes verower het. Drie atlete van Affies is gekies om N.Tvl op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe te verteenwoordig:

Jaco de Beer (paalspring)
Nico Hager (Spiesgooi) en
Pierre de Kock (110 m Hekkies).


Vir die eerste keer in die geskiedenis van Tvl. word daar 'n administrateursbekerkompetisie vir atletiek gehou. Affies het reeds deurgedring na die Transvaalse eindronde wat op 25 Maart gehou sal word. 2 van ons spanne het 1e plekke behaal: O/14 en O/16. Hulle wen dus die N.Tvl se afdeling van die kompetisie. Die O/17 eindig 2e en dring dus ook deur na die finaal.

Dis belangrik om te noem dat ons skool 5 spanne ingeskryf het waarvan 3 deurgedring het na die finaal. Die 5 spanne is O/14 met 5 atlete O/15 met 6 atlete, O/16 met 7 atlete, O/17 en O/19 met 8 atlete elk.

Met hierdie kompetisie sluit Affies sy atletiekseisoen vir 1978 af. Met die vorige byeenkomste se uitslae voor ons sien ons Affies het vanjaar 'n groot hap gehap. U sal dalk opgemerk het dat Affies 31 1e plekke teenoor Menlopark se 26 behaal het. Menlo het egter 28 2e plekke teenoor Affies se 15.

Die Affies kyk terug op 'n suksesvolle seisoen.

**Nico Hager**



*French.*

| | Skole | Puntestand | Aantal 1e plekke | Rekords |
|---|---|---|---|---|
| 1 | A.H.S. | 634 | | |
| | Tom Naudé | 404 | | |
| 2 | P.B.H. | 4. 164 | A.H.S. eerste | Uit 26 verbeterde |
| | A.H.S. | 1. 411½ | met 21 | rekords verbeter Affies |
| | H.T.S. Potch | 2. 283½ | eerste plekke | 12 |
| | Helpmekaar | 3. 260½ | | |
| 3 | A.H.S. | Geen punte- | 32 | Affies verbeter |
| | Riebeeck | telleing. Slegs | 5 | 15 rekords. |
| | Monument | vriendskaplik | 19 | |
| 4 | A.H.S. | Geen punte- | 13 | Affies verbeter |
| | P.B.H. | stand | 5 | 11 rekords waarvan |
| | C.R. Swart | slegs | 6 | 5 aflosrekors is. |
| | Wonderboom | vriendskaplik | 8 | |
| | Eldoraigne | | 2 | |
| | P.T.A.-Wes | | 1 | |
| | Overkruin | | 2 | |
| 5 | **Interhoër te Menlopark** | | | |
| | A.H.S. | 293 | 31 | 6 rekords deur |
| | Menlopark | 332½ | 26 | Affies verbeter waarvan 2 aflosrekords is. |
| | Affies wen aflosbeker en die seniorseuns verloor met 3 punte teen Menlopark. | | | |
| 6 | **Sasolbyeenkoms (N.Tvl finaal)** | | | |
| | Menlopark | 196 | Affies | Affies verbeter 2 |
| | A.H.S. | 150 | behaal 8 | N.Tvl rekords. |
| | Rustenburg | 121 | 1e plekke. | |
| | C.R. Swart | 105 | | |
| | Wonderboom | 103 | | |
| | Overkruin | 100 | | |



*Die skone agttal.*



# RUGBY

*'n Robuuste agttal.*

**Al die spanne het 'n goeie begin gemaak vir die rugbyseisoen, en dit lyk of Affies vanjaar groot dinge in rugby gaan doen.**

Tot dusver is al Affies se spanne nog onoorwonne, d.w.s. teen Tom Naudé en teen Middelburg Tegnies het nie een span verloor nie. Die 1e en o/15 A-spanne het ook teen Florida tydens 'n rugbydag op Helpmekaar gespeel. Die o/15 A-span het oortuigend gewen met 22-4. Die 1e span het na verlede jaar se nederlaag teen Florida wraak geneem en hulle 28-16 verneder. Twee trofeë is die dag uitgeloof vir die aanskouliksste rugby - een vir die o/15's en een vir die 1e spanne. Affies het met albei hierdie trofeë weggeloop.

Die 1e span onderneem die vakansie 'n toer na Natal met die oog op die voorbereiding vir die komende ligawedstryde. Spelers in die ander spanne moet ook hulle deel die vakansie doen om fiks te bly, sodat Affies weer sy stem dik kan maak in die onderskeie ligas.

Stroom-op wens al die rugbyspelers en afrigters 'n baie suksesvolle seisoen toe.

**Niel Roesch**

# KRIEKET

**Vir die eerste maal in Affie-geskiedenis is daar vanjaar in die eerste termyn krieket gespeel.**

Ondanks die feit dat ons spanne nooit op volle sterkte was nie het ons goed presteer. Die eerste span het beide sy wedstryde teen Engelse hoërskole gewen. Veral die jong opkomende spelers het in hierdie wedstryde goed gevaar. Hier word gedink aan Marius Le Roux, Jossie Strydom en Deon Lombaard.

Die o/15 span het een wedstryd teen Lyttleton Manor gespeel en naelskraap met 1 paaltjie verloor. Die tweede span het wedstryde teen Rondalia en Pretoria Noord se eerste span gespeel en beide verloor.

Die wedstryde is almal in baie goeie gees gespeel. Alles dui op 'n baie goeie seisoen aan die einde van die jaar en ons vertrou dat Affies se spanne 'n hele paar bekers huis toe sal bring.

# TENNIS

**Reeds vroeg in die termyn het die tennis op 'n hoë noot begin toe Affies vir die vierde keer die Appletiser Bowl verower het. Hierdie uitsonderlike prestasie is behaal deur Jean van Rensburg en Jacques Theron. Die Appletiser Bowl is 'n landswye skolekompetisie vir o/15 spelers.**

Ook vroeg in die jaar het die Affies gekwalifiseer vir die Suid-Afrikaanse Senior Geslote Kampioenskappe wat in Pretoria gehou was. Hulle was Jakobus Jordaan, Tian Viljoen en Henk Basson.

Die skoolkampioenskappe is vanjaar ook gewysig deurdat dit in die eerste termyn plaasgevind het en nie soos in die verlede in die laaste termyn nie. Die wenners was as volg van die twee afdelings

**A Afdeling:**
Seuns Enkels - Jakobus Jordaan
Seuns Dubbels - Jakobus Jordaan
● Henk Basson.

**B en C Afdeling:**
Seuns Enkels - Frank Adendorf
Seuns Dubbels - Frank Adendorf
● Naested Moolman.

Die gehalte van spel dwarsdeur die kampioenskappe was baie goed en het ons sommer weer begin uitkyk op 'n goeie jaar met skitterende tennis prestasies.

Die bal is dan ook sommer aan die rol gesit, met die wedstryde teen Grey Kollege van Bloemfontein, wat teen ons kom meeding het op die 25 Februarie met twee spanne van ses spelers elk. Die eerste span het 9-0 gewen en die tweede span met 8-1. Hierdie is ook 'n baie goeie prestasie aangesien Grey algemeen aanvaar word as kampioene van die Vrystaat.

Wat verteenwoordiging in Noord-Transvaal spanne aanbetref het Affies ook tot dusver goeie verteenwoordiging gehad. In 'n Noord-Transvaalse Seniorspan het Jakobus Jordaan, Henk Basson en Tian Viljoen gespeel teen 'n Suid-Afrikaanse Weermagspan. Vier Affies het ook vir 'n Noord-Transvaalse junior span bestaande uit ses lede gespeel teen 'n soortgelyke span van Oos-Transvaal. Die spelers was Henk Basson, Jakobus Jordaan, Tian Viljoen en Danie Visser.

Eerskomende vakansie gaan 'n span van ses spelers Kaap toe toer ter voorbereiding van die Adminastrateursbekerkompetisie volgende termyn. Wedstryde sal teen die volgende spanne gespeel word: Potchefstroom Universiteit, Universiteit van Oranje Vrystaat, Universiteit Stellenbosch en 'n Kaapse Gekombineerde Skolespan. Dit behoort net die regte medisyne te wees om weer die Administrateurs te wen.

**Henk Basson**

# WATERPOLO

**Nog 'n waterpoloseisoen** waarin die Affies weer uitgeblink het is agter die rug. Die eerste span het kon ongelukkig nie weer die Olter beker wen nie en het in die finaal met 4-2 teen Boys High verloor. Hulle eindig dus tweede in die liga.

Die eerste span het egter gewys wat in hulle steek toe hulle Grey Kollege met 12-3 en vir Menlopark 9-1 verslaan het. Die 2e span het ook 3 van hul 5 wedstryde gewen. Dit sluit 'n oorwinning van 7-5 oor Wonderboom se eerste span in.

Vyf eerste spanspelers is ook gekies vir die Noord Transvaalse o/19 span. Hulle is A Potgieter, C Botha, K Swart, P Els en J du Preez.

Avril Potgieter, Toffie Botha, Xan Swart en Pierre Els is ook gekies vir die Noord Transvaalse Hoërskolespan wat in Desember aan die S.A. skole toernooi deelneem. Baie geluk aan hierdie spelers.

Dankie aan al die spelers en ondersteuners wat bygedra het tot nog 'n suksesvolle seisoen.